**KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL**

**HALFJAARLIKSE EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL VRAESTEL EEN**

**2017**

| | |
|---|---|
| **GRAAD: 12** | **DATUM: 14 / 06/ 2017** |
| **PUNTE: 80** | **TYDSDUUR: 2 UUR** |
| **EKSAMINATOR: S.R .PANDAY** | **MODERATRISE: Mev. S. SUKHNANAN** |

---

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 13 BLADSYE.**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**
   - **AFDELING A: Leesbegrip (30)**
   - **AFDELING B: Opsomming (10)**
   - **OPSOMMING C: Taal (40)**
2. **Beantwoord AL die vrae.**
3. **Trek 'n lyn na elke afdeling.**
4. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstel wat in hierdie vraestel gebruik is.**
5. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**
6. **Beplan jou tyd so:**
   - **AFDELING A: 50 MINUTE.**
   - **AFDELING B: 30 MINUTE.**
   - **AFDELING C: 40 MINUTE.**
7. **Skryf netjies en leesbaar.**

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## Vraag Een: ARTIKEL

## Teks A

**Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.**

BIETJIE EKSTRA AANDAG

1 *Ek gee nooit vir my klas die korrekte antwoord nie," sê David de Storie, wat onlangs die Stella Clark-onderwysprys van die Universiteit van Kaapstad ontvang het.*

2 Om 07:15 elke oggend is David de Storie se Fisiese Wetenskapsklas reeds 'n geroesemoes van stemme omdat kinders wat hulle akademie ernstig opvat daar veilig voel. Hierdie groep spandeer meer tyd aan hulle werk as die gemiddelde skoolleerder. Die kinders sit voor skool en pouses in sy klas en verduidelik vir mekaar die werk waarmee hulle sukkel. Hulle gaan vra daarna vir hom indien hulle nie antwoorde vir probleme kon vind nie. Die kinders in sy klas wil vir hom werk en google saans op hul selfone om reeds die volgende dag se werk na te gaan.

3 "Tegnies is hulle nie almal in my klas nie, maar hulle kom vir hulp," sê De Storie. Volgens hom is die grootste fout wat 'n onderwyser kan maak is om die kinders, wat voor jou in 'n klas sit, te onderskat.

4 Yameen Motala (19) het De Storie vir die prys benoem al was hy nie eens in sy klas nie. Yameen was een van die leerders wat elke vrye tyd van die skooldag in sy klas gaan sit en ekstra werk gedoen het en ook ander leerlinge gehelp het. Na 'n lang onderhoud met De Storie, wat nie eers van die benoeming bewus was nie, het Yameen 'n opstel oor sy mentor geskryf. Volgens Yameen het De Storie sy lewe verander.

5 Anika Marais, 'n joernalis, het 'n skooldag in De Storie se klas gaan sit en skryf die volgende oor hom:

6 "*Maya het 15 minute laat in die klas ingestap. De Storie het omgekyk en gesê: 'Welkom, sit en haal jou boeke uit. Ons is besig om empiriese formules te oefen.' Hy't nie geskree of die kind in verleentheid gebring nie. De Storie trek fluweelhandskoene aan as hy met sy leerders werk, want hy weet hoe maklik 'n onderwyser 'n kind se toekoms kan maak of breek.

7 Terwyl die kinders somme oefen, loop hy op en af deur die klas en help waar hy kan. Hy ken die kinders. By party se tafels bly hy langer en by andere loer hy net oor hulle skouer. Ander stuur hy subtiel in 'n ander rigting. Hy gee nooit doelbewus die klas die regte antwoorde nie. Hy laat hulle die werk vir mekaar verduidelik. As hulle nie self 'n antwoord kan kry nie, sal hulle nooit onthou nie.

8 Reeds in matriek het sy skoolhoof aanbeveel dat hy 'n onderwyser moet word, maar hy het net gelag en gesê dat hy heeltemal te kort is en dat hy nooit vir die lang skoolseuns sal kan klasgee nie, want hulle sal hom nie kan raaksien nie!

9 De Storie het later as 'n tweedejaar B.Sc.-student by die Primêre Skool Kleinberg, toe 'n onderwyser siek was, afgelos. 'n Skoolinspekteur het by hom besoek afgelê en aanbeveel dat hy 'n onderwyser moet word. Twee dae na die besoek het die inspekteur self gereël dat De Storie by die Hewitt-onderwyskollege in Athlone as student ingeskryf word. Toe hy later by Harold Cressy Hoërskool in die Kaapse middestad begin het, het die meeste van die leerlinge Fisiese Wetenskap gedruip. Drie maande later het 96% van die klas die eindeksamen geslaag.

10 Hulle het elke middag ná skool én op Saterdae en Sondae klas gegee. Die kinders het die werk vir mekaar verduidelik en so is die wa deur die drif getrek.

11 De Storie is baie nederig. Volgens hom kan en wil hy nie vir ander onderwysers sê hoe om klas te gee nie, sy metode werk vir hom en vir sy leerlinge. Hy reken hy is maar net 'n onderwyser gebore – tot sy eie kinders se frustrasie. Hulle sê altyd spottenderwys vir hom: "Ag moenie nou al weer soos 'n onderwyser klink as Pa met ons praat nie!"

[Bron: Verwerk uit *BIETJIE EKSTRA AANDAG*, *Die Burger*, p17, 23 September 2015]

**VRAE:**

**1.1 Noem die prys wat David de Storie ontvang het. (par.1) (1)**

**1.2 Wat is de Storie se motto in die klas? (par.2) (1)**

**1.3 Haal 3 agtereenvolgende woorde (uit par.2) aan wat aandui dat de Storie se klas nie stil was nie. (1)**

**1.4 Wat het die kinders in de Storie se klas gesit en doen? (1)**

**1.5 Haal aan om te motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is:**
**Die kinders wat in die oggend in de Storie se Fisiese Wetenskapliksklas bygewoon het,is almal sy eie leerlinge. (1)**

**1.6 Hoekom het Yameen Motala gevoel dat de Storie vir die prys benoem moet word? (1)**

**1.7 Wat moes Yameen Motala doen om de Storie vir die toekenning aan te beveel? (1)**

1.8.1 Het die volgende uitdrukking 'n denotatiewe of konnotatiewe betekenis?

" De Storie trek fluweelhandskoene aan " (par. 6) (1)

1.8.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in 1.8.1. (1)

1.9 Kies die korrekte antwoord . Skryf net die vraagnommer en die letter van die korrekte antwoord neer.

Anika Marais is ...

A. De Storie se leerling
B. 'n Skrywer vir 'n koerant
C. 'n onderwyser
D. 'n inspekteur (1)

1.10 Vir watter graad het de Storie eers gestudeer? (1)

1.11 Hoekom wil de Storie hê dat sy leerlinge self die antwoorde op probleme moet uitvind? (2)

1.12 De Storie is deur sy onderwyser aanbeveel om 'n onderwyser te word. De Storie het nie saamgestem nie. Wat was sy redes hiervoor? Noem twee. (2)

1.13 Hoe het dit gebeur dat de Storie by die Primêre Skool Kleinberg beland het? (2)

1.14 Watter bewys is daar dat de Storie 'n effektiewe onderrigmetode in Fisiese Wetenskap gebruik het toe hy as 'n gekwalifiseerde onderwyser begin onderwys gee? (2)

**1.15 Kies die korrekte antwoord en skryf net die antwoord neer.**

**" so is die wa deur die drif getrek" (par. 10) beteken:**

**A. Om sukses te behaal.**

**B. Om te druip.** **(2)**

**1.16 Haal 'n woord (par.11) aan wat de Storie die beste sal beskryf.** **(1)**

**1.17 Watter woord in paragraaf 11 sê vir ons dat de Storie se kinders daarvan hou om grappe met hom te maak.** **(1)**

**1.18 Sê Ja / Nee en motiveer jou antwoord:**


**As jy 'n onderwyser is, sal jy de Storie se onderrigmetode in jou klas toepas?** **(2)**

**[25]**

## SPOTPRENT

**Bestudeer die Spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**TEKS B**



[Uit: *Lig*, Mei 2008]

**1.19 Hoe weet die vrou in die huis dat daar iemand voor haar huis is? (1)**

**1.20 Hoe kan jy uit die mense in die motor se gesigsuitdrukking aflei dat almal baie gelukkig is? (1)**

**1.21 Voltooi die sin hieronder. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.**

**Die vrou by die venster lyk 1.21.1 want sy het nie besoekers verwag 1.21.2. (2)**

**1.22 Waaruit kan jy aflei dat die besoekers beplan om 'n lang vakansie te hou? (1)**

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit**

**VRAAG TWEE**

**INSTRUKSIES**

1. **Som die 7 hoofgedagtes van die onderstaande teks, in jou EIE WOORDE op.**
2. **Skryf die hoofgedagtes in vol sinne puntysgewys neer.**
3. **Nommer die hoofgedagtes van 1 tot 7.**
4. **Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.**
5. **Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.**

## LEEF 'n GESONDE LEWE

### 1. RUS

Jy kan nie net werk nie. Slaap vir ses tot agt ure per nag. Dit gee jou liggaam genoeg kans om te rus.

### 2. ENERGIE

Eet daagliks 'n ontbyt wat baie proteïene en 'n vrug insluit vir onmiddellike energie. Mense wat nie 'n goeie ontbyt eet nie, is teen 10-uur al moeg.

### 3. OEFEN

Oorgewig is 'n groot probleem. Loop of hardloop ten minste drie kilometer per dag. Dit sal help om die vet in jou liggaam te verbrand. Dis beter om te oefen as om verslankingsprodukte te gebruik.

### 4. ROOK - NEE!

Rook is 'n slegte gewoonte en kan baie skade aanrig. As jy lank in die kamer saam met ander rokers is, kan jy 'n passiewe roker word. Die beste raad is om self nooit te begin rook nie.

### 5. POSITIEF

Dink elke dag positief oor jou werk. Dit laat jou goed voel en dit sal jou help om jou daaglikse take beter te doen. Jy mors energie deur negatief te dink.

### 6. EIE TYD

Sorg dat jy elke naweek ten minste vier ure bestee aan dinge waarvan jy hou. Dit kan dinge wees soos lees, tuinwerk of om na 'n mooi TV-program te kyk. Dit sorg vir balans in jou lewe.

### 7. VOORKOMS

Hoe jy lyk, is belangriker as wat jy dink. As jy mooi aantrek, sal dit jou dadelik goed laat voel. Moenie jou hare, vel en naels verwaarloos nie. Mooi klere aan 'n liggaam wat nie versorg is nie, help nie baie nie.

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, April 2010]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

# AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- **Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

**TEKS D**

**AANDAG:**

**SKOOLBEGINERS 2018**

**GELOFTE SKOOL**

**GRAAD 1 OPEDAG**



**Woensdag, 16 April 2017**

**10:00 – 11:00**

**Cavershamweg 2, Pinetown, Tel: 031 702 7201**

**GELOFTE SKOOL BIED JOU KIND:**

- ***Moedertaalonderrig***
- ***'n Sterk akademiese agtergrond***
- ***Sportdeelname***
- ***Kultuuraktiwiteite***
- ***Verskillende Sosiaal geleentheid***
- ***Ons maak leer PRET !***

**Bring gerus u graad R kleuter saam en kom kyk self wat hier by die skool gebeur!**

**3.1 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)**

**3.2 Op watter <u>twee maniere</u> word die leser se aandag deur die adverteerder getrek? (2)**

**3.3 Hoe word die leser gemanipuleer om hulle kind by die skool aan te sluit? (1)**

**3.4 Verbeter die spelfout in die volgende sin:**

*** Aandag: Skoolbeginers 2018 (1)**

**3.5 Gee die korrekte vorm van die adjektief tussen hakies:**

*** 'n (Sosiaal) geleentheid. (1)**

**3.6 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:**

*** Verskillende (geleentheid). (1)**

**3.7 Haal een woord aan wat sê dat lesse by Gelofte Skool in Afrikaans aangebied word. (1)**

**3.8 Die advertensie eindig met 'n uitnodiging om die skool te besoek. Haal 'n voornaamwoord aan wat die leser oortuig dat hulle spesiaal , belangrik en met respek deur die skool beskou word. (2)**

**[10]**

## <u>VRAAG VIER: STROKIESPRENT</u>

- **Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

**TEKS E**




**4.1 Waarom is die pa ontevrede met sy seun?** **(1)**

**4.2 Kies die korrekte word. Skryf net die antwoord neer.**

**Die ma lyk (moedeloos/ gelukkig)** **(1)**

**4.3 Hoe wys die pa se gesigsuitdrukking dat hy ontevrede met sy seun is?** **(2)**

**4.4 Wat kan 'n mens uit die seun se voorkoms aflei?** **(2)**

**4.5 Gee die Antoniem van die woord tussen hakies:**

**'n Mens hoef nie (goed) in wiskunde te wees nie.** **(1)**

**4.6 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf net die antwoord neer.**

**Die ma is besig om die huis skoon te maak, want sy staan met 'n 4.6.1 in haar hand en sy dra 'n 4.6.2 om haar klere te beskerm.**

**(2)**

**4.7 Hoekom wil die seuntjie eendag soos David Beckham wees?**

**(1)**

**[10]**

## VRAAG VYF: ARTIKEL

- **Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.**
- **Opsetlike taalfoute kom voor.**
- **Voer die instruksies by elke vraag uit.**

**TEKS F**

# DIE PYN VAN RYBEWYSE

**(5.1 Elke jaar) het die meeste matrieks net een ding op die brein: rybewyse. (5.2 Matric Farewell) en matriekeksamen is (5.3 dalk) ook prioriteite maar nie een van die twee hou dieselfde belofte van (5.4 onafhanklikheid) , vryheid en geluk in soos die rybewyskaartjie nie. (5.5 Dit geld nie net vir matrieks nie). (5.6 Baie leerlinge verpas die rybewys in matriek). En met 'n gevoel van totale (5.7 mislukking) in hulle eerste jaar na skool steeds deur (5.8 ma en pa) by die fliek afgelaai word.**

**(5.9 Ek praat natuurlik uit ondervinding). Bestuur kan ek – al vanaf ek (5.10 _17_) is, maar om die (5.11 amptenare wat die verkeer beheer) te vermy, was 'n ander storie. (5.12 Ek kry nog rillings) as ek verby die toetsstasie ry en daardie (5.13 parkeerpaal) sien.**

**Ek het my ma sê (5.14 oud) Uno in trurat gesit en gery. Ek het toe van die sewende paal vergeet en daar was 'n awerende slag en toe se die inspekteur (5.15 "Jy het jou bestuurderstoets gedruip."). (5.16 Ag nee! / Hoera!) ek het gedruip.**

**Talle bestuurslesse later (5.17 tydens+wat) my ma telkens as 'n (5.18 rooi) parkeerpaal moes poseer, het ek eindelik die (5.19 plastiektrofee gekry). En daardie eerste rit as jou ma jou alleen stuur om brood en melk te gaan koop; is (5.20 goed) as enige "roller coaster ride".**

**5.1 Gee <u>EEN WOORD</u> vir die woorde tussen hakies. (1)**

**5.2 Gee die <u>KORREKTE AFRIKAANSE WOORD</u> vir die woord tussen hakies. (1)**

**5.3 Gee die <u>SINONIEM</u> vir die woord tussen hakies. (1)**

**5.4 Gee die <u>VERKLEINWOORD</u> vir die woord tussen hakies. (1)**

**5.5 Skryf die sin tussen hakies in die <u>VERLEDE TYD</u>. (1)**

**5.6 Skryf die sin tussen hakies in die <u>TOEKOMENDE TYD.</u> (1)**

**5.7 Gee die <u>ANTONIEM</u> van die woord tussen hakies. (1)**

**5.8 Gee <u>EEN WOORD</u> vir die woorde tussen hakies. (1)**

**5.9 Skryf die sin tussen hakies oor in die <u>INFINITIEF</u>. Begin so:**

**( Ek hoef... ) (1)**

**5.10 Skryf die syfer tussen hakies in <u>WOORDE</u> uit. (1)**

**5.11 Gee die <u>PERSOONSNAAM</u> vir die woorde tussen hakies. (1)**

**5.12 Skryf die sin tussen hakies oor in die <u>ONTKENNENDE VORM</u> neer. (1)**

**5.13 Gee die <u>MEERVOUDSVORM</u> van die woord tussen hakies. Skryf net die antwoord neer. (1)**

**5.14 Gee die <u>KORREKTE VORM</u> van die word tussen hakies. (1)**

**5.15 Skryf die sin tussen hakies in die <u>INDIREKTE REDE</u>. Begin so: (Die inspekteur sê ...) (1)**

**5.16 Voltooi die sin tussen hakies deur die korrekte <u>TUSSENWERPSEL</u> te kies om jou teleurstelling uit te druk. (1)**

**5.17 Gee die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD van die woorde tussen hakies (1)**

**5.18 Gee die <u>INTENSIEWE VORM</u> van die woord tussen hakies. (1)**

**5.19 Kies die korrekte antwoord om die <u>IDIOOM</u> in konteks van die teks te voltooi. Skryf net die letter van die korrekte antwoord neer.**

**"plastiektrofee gekry" beteken:**

**A. 'n plastiekbeker te wen**
**B. Sukses te behaal**
**C. Onsuksesvol te wees**
**D. 'n plastieksak te kry.** **(1)**

**5.20 Gee die <u>VERGROTENDE TRAP</u> van die woord tussen hakies. (1)**

**[20]**

**<u>TOTAAL AFDELING C: 40</u>**

## <u>GROOTTOTAAL : 80</u>

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY